



CHRISTINE VAN WYK TOERE
vir die fynproewer

CHRISTINE VAN WYK-TOERE

(EDMS) BPK
REG NR 94 01824/07

TOERPROGRAM

BOOTVAART IN NEDERLAND EN OP DIE YSSELMEER: 4 – 14 Mei 2024

Mei

Sa 4

JOHANNESBURG – AMSTERDAM

Toerlede ontmoet om **19:10** op **O.R. Tambo** Lughawe by KLM se toonbank vir vlug **KL 592** wat om **23:10** na Amsterdam vertrek.

So 5

AMSTERDAM

By aankoms op Schiphol-lughawe om 10:15 wag ons Nederlandse bus vir ons. Ons vertrek van die lughawe na die **Zaanse Schans** – 'n karaktervolle woonbuurt aan die Zaanrivier met houthuise en windmeulens uit die 17de eeu, die glorietydperk van hierdie streek. Hier besoek ons 'n klompemakery, 'n kaasmaakery en talle ander interessante besienswaardighede.

Ná hierdie tipies Nederlandse ervaring vertrek ons per bus na ons boot, die **Otello**. Met aankoms by die MS Otello, wat in die hawe lê, ontvang u u kajuitsleutel by ontvangs en gaan maak u tuis in u kajuit. Almal kom om **18:30** in die sitkamer bymekaar vir die verwelkoming deur die kaptein, waarna ons in die eetkamer ons eerste aandete aan boord geniet.

Ma 6

AMSTERDAM – KEUKENHOF – VOLENDAM – AMSTERDAM

Die hoogtepunt van vandag is ons besoek aan **Keukenhof**, die grootste lentetuin in die wêreld, waar besoekers oor die sewe miljoen bolplante in hul kleurrike blomprag kan sien – 'n onvergeetlike gesig! 'n Mens kan hier rustig deur die sprokiesmooi lushof stap, die blom-uitstallings onder dak besoek en tipies Nederlandse verversings soos die bekende Hollandse poffertjies of stroopwafels by een van die stalletjies geniet.

Indien tyd dit toelaat vertrek ons vroegmiddag per bus na **Volendam** vir 'n besoek aan hierdie skilderagtige dorp aan die **Gouwezee** (deel van die Ysselmeer). Dis een van die bekendste hawens van die voormalige Suidersee. Die lang hoofstraat wat langs die dyk loop, is as't ware 'n aaneenskakeling van soewenierwinkeltjies. Agter die dyk sien 'n mens talle smal stegies met klein baksteenhuisies en houtgeweltjies, asook die **Sigarebandjesmuseum** met taferle van mosaïek, bestaande uit elf miljoen geplakte sigarebandjies. Van die winkeltjies verkoop pragtige kantwerk. Ons vertrek betyds sodat ons om **16:30** weer aan boord van die MS Otello kan gaan, wat om **17:00** vertrek. Die boot vaar na Hoorn waar ons om **20:00** vasmeer.

Di 7

HOORN

Hoorn lê sowat 35 km noord van Amsterdam aan die Ysselmeer. Dit het 'n bevolking van sowat 72 000. Die stad dateer uit die jaar 716. Gedurende Nederland se Goue Tydperk, toe die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (NOIK) 'n florerende handel met die Ooste opgebou het, was Hoorn 'n belangrike hawestad. Daarna was daar 'n insinking, maar ná die Tweede Wêreldoorlog het dit weer 'n vooruitstrewende stad geword, hoewel dit ná 1932 met die voltooiing van die Groot Afsluitdyk nie meer 'n seehawe gehad het nie.

Ons het vanoggend geleentheid om in hierdie geskiedkundige ou stad rond te stap. Teen middagete om **12:00** vaar ons na Enkhuizen waar ons om **14:00** vasmeer.

Enkhuizen is ook 'n stad wat as gevolg van die NOIK rykdom en invloed gekry het. Sy ryk geskiedenis uit daardie tyd is vandag steeds te sien wanneer 'n mens deur die ou stad stap. Daar is talle groot huise, kanale, kerke en fonteine. Onder die belangrikste besienswaardighede is die opelug Suidersee-museum. Dit skets die geskiedenis van die stad en die gewese Suidersee.

Wo 8

ENKHUIZEN

Ons het ná ontbyt nog geleentheid om hierdie geskiedkundige stad te beleef. Die boot vertrek voor middagete na **Stavoren**, waar ons om **14:30** vasmeer. Stavoren was die eerste Nederlandse gemeenskap wat in die 11de eeu dorpsregte gekry het.

Daar is minder as duisend inwoners. Nadat die hawe aan die einde van die Middeleeue toegespoel het, het die dorp verval. Deesdae is Stavoren gewild by toeriste wat kom kyk hoe die eens florerende dorp vandag lyk.

Posbus 17203 | Pretoria-Noord | 0116

Tel: 012 546 4967 | Faks: 086 530 2326 | E-pos: info@toere.co.za | Web: www.travelentoer.co.za

Vanaf Stavoren besoek ons een van die juwele in Friesland, **Hindeloopen**, per bus of trein. Daar is min mense wat geleentheid kry om hierdie spesiale dorpie se bekoring te ervaar.

Do 9 STAVOREN – KAMPEN

Ons vertrek om **05:00** van Stavoren en bereik **Kampen** om **09:00**. Vandag is 'n spesiale dag, want ons onderneem vanoggend 'n busuitstappie na **Giethoorn** – 'n pentjiemooi dorpie met net sowat 2 620 inwoners in die provinsie *Overijssel*. Giethoorn is bekend vir talle pagtige waterweë, voetpaadjies, fietsroetes en eeue-oue grasdakhuisies. Daar is geen motorverkeer in hierdie dorpie nie en 'n bootvaart op een van die kanale neem 'n mens verby die rustige grasdakhuisies met feitlik die enigste geluide die gekwaak van eende en gesing van voëls. Baie van die huisies is net per boot bereikbaar. Hierdie besoek laat blywende indrukke by elke besoeker!

Ons versoek die boot om ons middagete 'n bietje later aan te bied as gewoonlik.

Vanmiddag is die besoek aan Kampen ook 'n besondere geleentheid. Kampen is 'n stad aan die Ysselrivier met 'n bevolking van sowat 35 000. Dit het een van die bes bewaarde binnestede in Nederland. Daar is o.a. oorblyfsels van die ou stadsplein, waarvan drie poorte steeds staan, asook talle kerke. Drie brûe oor die Yssel verbind die stad met Ysselmuiden en Kamper-eiland.

Vr 10 DEVENTER

Die boot vertrek vanoggend om **05:00** uit Kampen en meer om **09:00** vas in **Deventer**.

Deventer, met 'n bevolking van sowat 100 000, lê ook aan die Ysselrivier. Gedurende die Middeleeue was Deventer lid van die Hanseatiese gilde, 'n belangrike Noord-Duitse handelsnetwerk. Dit is een van Nederland se oudste stede en het in 1123 stadsregte verkry.

Die sentrale markplein *De Brink*, is omring met talle straatkafetjies, 'n pragtige fontein, standbeelde en historiese geboue uit die 16e eeu. Die sierlike Weeghuis (*De Waag*) huisves vandag 'n interessante museum. Proe gerus 'n stukkie Deventer-koek wat reeds sedert die 15e eeu hier gebak word en vandag sinoniem met die stad is.

Daar is geleentheid om die besondere atmosfeer in Deventer te beleef voordat die boot om **13:00** na Arnhem vaar waar dit om **19:00** vasmeer.

Sa 11 ARNHEM

Die boot lê feitlik heeldag in **Arnhem**, die hoofstad van die Nederlandse provinsie Gelderland.

Vandag het u geleentheid om hierdie lewendige kuns- en kultuurstad stad te ervaar, wat 'n paar jaar gelede aangewys is as Nedeland se groenste stad. Daar is iets vir almal: pragtige parke, uitsonderlike museums, historiese konsertsale en interessante winkels, soos klerewinkels, stokperdjie- en gekenkinkels. Talle straatkafetjies en die Rivierpromenade bied 'n gesellige atmosfeer.

Daar is ook moontlik 'n opsionele geleentheid om die Opelugmuseum te besoek.

Die boot vertrek om **16:00** na *Wijk bij Duurstede* waar dit om **20:00** arriveer.

So 12 WIJK BIJ DUURSTEDEN – AMSTERDAM

By *Wijk bij Duurstede* vertak die *Kromme Rijn* en word die afwaartse vertakking die Lek Rivier genoem. Die naam *Wijk by Duurstede* beteken: Buurt by Duurstede en het in 1300 stadsregte gekry. Dit was egter al deur die Romeine bewoon waarna die Vikings dit reeds in 850 as 'n handelspos gebruik het.

Duurstede is die naam van die nabygeleë kasteel/ruïne wat ook Dorestad genoem word. Die eersydse biskop van Utrecht het hier gewoon. Die enigste windmeule ter wêreld wat 'n motorpad onderdeur het, word by die ingang van die dorp aangetref.

By die markplein is een van die min kerke in Nederland met 'n platdak omdat die biskop nie 'n toring kon bekostig nie. Die "bepande toring" se skets kan binne die kerk gesien word.

Die boot vertrek om 13:00 en arriveer ongeveer 17:30 in Amsterdam.

Ma 13 AMSTERDAM

Vandag het u heeldag vry om hierdie wêreldstad met sy 160 kanale en bruggies te ervaar.

Die Damrak is 'n straat wat vanaf die hoofreinstasie strek tot by die Damplein. Hiervandaan is dit maklik om **Amsterdam** te leer ken. 'n Mens sien die Oorlogsmoontument in die middel van die plein en die Koninklike Paleis met die standbeeld van Atlas bo-op. Dit is moontlik om die Paleis te besoek. Langs die Paleis is die Nuwe Kerk. Aan die regterkant van die plein is die stad se grootste afdelingswinkel, die *Bijenkorf*. Skuins oorkant die *Bijenkorf* is Kalverstraat, 'n baie lekker inkopiestraat met die belangrikste groot winkels. *Madame Tussaud* se wasmuseum kan ook aan die Damplein besoek word. Verskillende ander museums kan vanaf die Damplein per trem bereik word. 'n Opsionele kanaalvaart bied 'n ideale oorsig van die meeste hoogtepunte in die stad.

Di 14 SCHIPHOL – JOHANNESBURG/KAAPSTAD

Na 'n vroeë ontbyt vertrek ons na Schiphol Lughawe van waar vlug **KL 591** om **10:35** vertrek en om **21:20** in Johannesburg aankom. Daar is ses plekke beskikbaar op vlug (KL 592) wat om 10:10 direk na Kaapstad vlieg en om 21:25 in Kaapstad aankom.

Ons land in Suid Afrika met mooi herinneringe en nuwe vriendskappe wat gesmee is!

LW: *Weens omstandighede buite ons beheer kan dit gebeur dat die toerprogram aangepas moet word.*